# WorksheetCloud.com - Vraestel

**Vak:** Graad 9 Afrikaans EAT

**Onderwerp:** Afrikaans EAT: Eksamen Kwartaal 4

**Punte:** 112

---

**Vraag 1: Waar/Onwaar [2]**
**Hein moes die werk doen.**

Die teenwoordige tyd is: **Hein doen die werk.**

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|


---

**Vraag 2: Waar/Onwaar [2]**
Die teenwoordige tyd dui op iets wat nou gebeur.

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|

---

*Vrae 3 tot 4 verwys na die volgende skets*



*Skets 1: manwatstaar*

---

**Vraag 3: Waar/Onwaar [2]**
**Gert vra wanneer die trein vertrek.**

Die volgende sin is die korrekte vorm van die direkte rede:

**Gert vra: "Gaan die trein vertrek?"**

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|

---

**Vraag 4: Skryf Jou Antwoord [3]**
Daar is leestekens weggelaat in die onderstaande sin. Skryf die sin korrek oor met die leestekens by.

Sy vra Waar is die hond

---

**Vraag 5: Waar/Onwaar [2]**
In die **Bedrywende Vorm** begin die sin met die **Objek** (Voorwerp).

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|


Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.

**Vraag 6: Waar/Onwaar [2]**

Is die volgende sin in die **ontkennende vorm** korrek?

Was jy al ooit in Indië?
Nee, ek was nie al ooit in Indië nie.

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|

**Vraag 7: Veelvuldige Keuse [4]**

Watter een van die volgende werkwoorde sal nie die affiks **ge-** gebruik in die verlede tyd nie?

| | |
|---|---|
| **A** | eet |
| **B** | swem |
| **C** | onthou |
| **D** | raas |

**Vraag 8: Veelvuldige Keuse [4]**

Kies die korrekte sin vir die **toekomende tyd** van die volgende:

Ek skakel die rekenaar aan.

| | |
|---|---|
| **A** | Ek wil die rekenaar skakel. |
| **B** | Ek sal skakel die rekenaar aan. |
| **C** | Ek sal die rekenaar aanskakel. |
| **D** | Ek sal die rekenaar skakelaan. |

*Vraag 9 verwys na die volgende skets*



*Skets 2: sing*



Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.

**Vraag 9: Veelvuldige Keuse [4]**
Kies die korrekte sin vir die **verlede tyd** van die volgende:

Ek kan goed sing.

| | |
|---|---|
| **A** | Ek het goed gesing. |
| **B** | Ek het goed gesing kan. |
| **C** | Ek kon goed sing. |
| **D** | Ek kon goed gesing. |

**Vraag 10: Veelvuldige Keuse [4]**
Wat beteken die volgende afkorting?

**i.v.m.**

| | |
|---|---|
| **A** | in voormiddag |
| **B** | is vele male |
| **C** | is vroulik of manlik |
| **D** | in verband met |

**Vraag 11: Veelvuldige Keuse [4]**
Kies die korrekte vorm van die direkte rede vir die volgende sin:

Rina het gesê dat ons haar daardie dag laat wag het.

| | |
|---|---|
| **A** | Rina het gesê: "Julle laat my wag." |
| **B** | Rina het gesê: "Julle laat my vandag wag." |
| **C** | Rina sê: "Ek wag vandag vir julle." |
| **D** | Rina het gesê: "Ons laat haar wag vandag." |

**Vraag 12: Veelvuldige Keuse [4]**
Watter een van die volgende is 'n **aanwysende voornaamwoord?**

| | |
|---|---|
| **A** | daardie |
| **B** | my |
| **C** | joune |
| **D** | dit |


Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.

**Vraag 13: Veelvuldige Keuse [4]**
Kies die korrekte opsie om die volgende sin in die lydende vorm korrek te voltooi:

Die rots het my voet gesny.

| | |
|---|---|
| **A** | My voet is deur die rots gesny. |
| **B** | My voet word deur die rots gesny. |
| **C** | My voet word die rots deurgesny. |
| **D** | My voet is deur die rots sny. |

**Vraag 14: Veelvuldige Keuse [4]**
Kies die korrekte sin in die ontkennende vorm:

Sy sien die hond buite.

| | |
|---|---|
| **A** | Sy nie sien die hond buite. |
| **B** | Sy nie sien die hond buite nie. |
| **C** | Sy sien nie die hond buite nie. |
| **D** | Sy sien die hond nie buite nie. |

**Vraag 15: Skryf Jou Antwoord [3]**
Sarel lees die koerant.

Herskryf die hele sin en begin soos volg:

Môre ....

**Vraag 16: Skryf Jou Antwoord [3]**
Skryf die volgende sin oor met die korrekte lees- en skryftekens:

wie gaan almal saam

*Vraag 17 verwys na die volgende skets*


Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.




*Skets 3: sneeuman*

**Vraag 17: Skryf Jou Antwoord [3]**
Herskryf die volgende sin en begin soos aangedui:

Die polisieman beveel: “Vries, Sneeuman!”

Die polisieman beveel dat ....

**Vraag 18: Skryf Jou Antwoord [3]**
Skryf die volgende sin korrek oor met die nodige leestekens:

ben woon in suid-afrika.

**Vraag 19: Skryf Jou Antwoord [3]**
Gee die manlike vorm van die volgende woord:

heldin

**Vraag 20: Skryf Jou Antwoord [3]**
Vervang die onderstreepte woord met die korrekte voornaamwoord.

Elle is my meisie en ek is lief vir Elle.

**Vraag 21: Skryf Jou Antwoord [3]**
Voltooi die volgende sin in die ontkennende vorm deur die ontbrekende woord in te vul:

Daardie motor is my gunsteling.
Daardie motor is ... my gunsteling nie.

*Vraag 22 verwys na die volgende skets*


Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.



*Skets 4: spook*

**Vraag 22: Voltooi Die Ontbrekende [6]**
Skryf die volgende sin in die **verlede tyd**. Kies jou antwoorde so dat die woordorde in die sin korrek is.

Ben vertel 'n spookstorie.

Ben (1) (2) (3) .

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1** | | **2** | |
| **3** | | | |

- gaan
- 'n spookstorie
- gevertel
- het
- vertel
- gespook

**Vraag 23: Voltooi Die Ontbrekende [4]**
Wat beteken die volgende afkortings? Gee jou antwoorde in die volgorde soos wat dit in die sin verskyn.

**Mej.** Nel se foto is op **bl.** 3 van die koerant. (1) , (2)

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1** | | **2** | |

- majoor
- mevrou
- bladsy
- belese
- mejuffrou

**Vraag 24: Voltooi Die Ontbrekende [4]**
Kies die korrekte woord om die direkte rede korrek te voltooi. Gee jou antwoorde in die volgorde soos wat dit in die sin voorkom.

Indirekte rede: Liam vra waar die stasie is.

Direkte rede: Liam vra: " (1) (2) die stasie?"


Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.

| 1 | |
|---|---|

| 2 | |
|---|---|

- of
- Hoe
- is
- wees
- Waar

---

**Vraag 25: Voltooi Die Ontbrekende [6]**

Watter soort selfstandige naamwoord is die onderstreepte woorde in die onderstaande sin? Gee jou antwoorde in die volgorde soos wat dit in die sin voorkom.

Op die plaas (1) naby Pretoria (2) is swerms (3) bye.

| 1 | |
|---|---|

| 2 | |
|---|---|

| 3 | |
|---|---|

- versamelnaam
- eienaam
- soortnaam
- stofnaam
- abstrakte selfstandige naamwoord

---

**Vraag 26: Voltooi Die Ontbrekende [6]**

Watter soort selfstandige naamwoord is die onderstreepte woorde in die onderstaande sin? Gee jou antwoorde in die volgorde soos wat dit in die sin voorkom.

Daar is baie hout (1) in die natuur (2) , maar nie in die dorp (3) nie.

| 1 | |
|---|---|

| 2 | |
|---|---|

| 3 | |
|---|---|

- eienaam
- versamelnaam
- soortnaam
- abstrakte selfstandige naamwoord
- stofnaam

---

**Vraag 27: Voltooi Die Ontbrekende [4]**

Voltooi die volgende sin deur die korrekte voornaamwoorde te gebruik. Gee jou antwoorde in die volgorde soos wat dit in die sin voorkom.

Julle het 'n huis. Die huis is (1) . Sy het 'n woonstel. Die woonstel is (2) .

| 1 | |
|---|---|

| 2 | |
|---|---|

- syne
- julle
- hare
- jou
- julle s'n


Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.

**Vraag 28: Voltooi Die Ontbrekende [6]**
Herskryf die volgende sin in die bedrywende vorm. Kies jou antwoorde in die volgorde om die sin korrek te voltooi.

Lydend: Hy is in die aand deur haar gehelp om kos te maak.

(1) , (2) , (3) .

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1** | | **2** | |
| **3** | | | |

- om kos te maak
- hy help haar
- sy het hom
- gehelp in die aand
- in die aand gehelp

**Vraag 29: Voltooi Die Ontbrekende [6]**
Herskryf die volgende sin in die lydende vorm. Kies jou antwoorde in die volgorde om die sin korrek te voltooi.

Bedrywend: Jan het elke dag sy huiswerk gedoen.

(1) , (2) , (3) .

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1** | | **2** | |
| **3** | | | |

- deur Jan gedoen
- elke dag
- sy huiswerk word
- deur Jan gedoen word
- sy huiswerk is

**Vraag 30: Voltooi Die Ontbrekende [4]**
Vul die ontbrekende woorde in om die sin in die ontkennende vorm korrek te voltooi. Gee jou antwoorde in die volgorde soos wat dit in die sin voorkom.

Is daar êrens 'n kraan naby?
(1) , daar is (2) 'n kraan naby nie.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1** | | **2** | |

- nooit
- nie
- nee
- iewers
- nog
- nêrens

30 Vrae, 8 Bladsye


Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.